OBADJA

Inleiding

Naam van die boek

Die naam, Obadja, is afgelei van die beginwoorde van die boek. Daaruit is dit duidelik dat Obadja 'n profeet was wat openbarings van die Here ontvang het.

Tyd en plek van ontstaan

In die boek word verwys na gebeure tydens en ná die val van Jerusalem in 586 vC Tydens 'n strafekspedisie het die Babiloniërs Jerusalem ingeneem en vernietig. Die Edomiete, 'n buurvolk van die Judeërs, het nie net aktief deelgeneem aan die vernietigingsproses nie, maar ook voordeel daaruit getrek deur Judese grondgebied in te palm. Die boek is kort ná hierdie dramatiese gebeure in Juda geskryf. Die laaste paar verse dateer egter uit 'n tyd nader aan die einde van die Babiloniese ballingskap.

Skrywer

Die skrywer is aan ons onbekend. Daar word geen besonderhede oor sy afkoms of tyd van optrede gegee soos in die geval van die ander profeteboeke nie.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Lesers

Alhoewel die profesieë in die boek hoofsaaklik gerig is teen die Edomiete, is dit klaarblyklik bedoel vir Judese lesers wat die ontnugtering en pyn van die val van Jerusalem beleef het.

Kenmerke

Obadja is die kortste profeteboek in die Ou Testament en vorm deel van die sogenaamde Klein Profete. Die boek bestaan uit profetespreuke in poëtiese vorm. Die laaste paar verse is in die vorm van prosa, en wat styl betref, vorm dit 'n afsonderlike eenheid. Hierin word die herinbesitname van Juda deur sy regmatige besitters, sowel as die inname van Edom kortliks beskryf. Die verwagting is dat die tempelberg, Sion, die middelpunt van hierdie herstelde Judese gemeenskap sal wees.

Temas en motiewe

Aan die begin van die boek word 'n profesie van die profeet Jeremia aangehaal en op die situasie ná 586 vC van toepassing gemaak. Die belangrikste tema in die boek is die straf en vergelding van Edom op die dag van die Here. In dié opsig word Edom 'n simbool van die vyande van God se volk, en is die oordeel oor Edom in 'n sekere sin 'n voorspel tot die finale oordeel van God in die eindtyd.

Opbou van die boek

Die boek kan in drie eenhede verdeel word:

Vs 1: Inleiding

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Vs 2-15: Die boodskap van die HERE aan Edom

Vs 16-18: Die boodskap van die HERE aan sy volk

Vs 19-21: Die terugkeer uit die ballingskap

1

Inleiding

1 Die openbaring aan Obadja.

Dit is wat die HERE, my Heer oor Edom gesê het.

Ja, ons het 'n boodskap gehoor* wat van die HERE af kom. 'n Boodskapper is na die nasies gestuur:

"Staan op! Laat ons gereedmaak vir oorlog teen Edom!"[a]

Die Boodskap van die HERE aan Edom

2 "Kyk, gering maak Ek jou onder die nasies;
jy sal heeltemal verag word.
3 Die verwaandheid van jou hart bedrieg jou,
jy wat tuis is in die rotsklowe
van jou hoë woonplek,
wat in jou hart sê,
'Wie sal my afbring aarde toe?'

4 "Al sou jy jou nes so hoog maak
soos dié van 'n aasvoël,
selfs al sou jy tussen die sterre nes maak,
van daar af sal Ek jou afbring."

---

*1 *ons het ... gehoor:* Jer 49:9-16

[a]1 *teen Edom:* Die bronteks lui "teen haar". In Jer 49:13-14 verwys dit na Bosra, die hoofstad van Edom.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Dit is die uitspraak van die HERE.

5 "Was dit maar diewe wat na jou toe gekom het,
was dit maar inbrekers in die nag!
Hulle steel darem net tot hulle genoeg het!
Hoe word jy vernietig![b]
Was dit maar druiweplukkers wat na jou toe gekom het!
Hulle laat darem natrossies agter!
6 Hoe word Esau deursoek,
sy wegsteekplekke kaal gestroop!
7 Almal met wie jy 'n verbond gemaak het,
stuur jou terug tot by die landsgrens.
Hulle het jou bedrieg, jou uitoorlê,
daardie mense met wie jy
'n vredesooreenkoms het.
Hulle wat saam met jou geëet het,
laat 'n vreemde jou plek inneem.[c]
Daar is nie meer raad in Edom oor nie!"
8 "Op daardie dag", so lui die uitspraak van die HERE,
"sal Ek verseker wyse manne uit Edom laat verdwyn
en raadgewers uit die bergland van Esau.
9 Teman, jou krygshelde sal verskrik wees;
dan sal die mense uitgeroei word
op die bergland van Esau.

---

[b]5 *Hulle steel ... vernietig:* In die bronteks staan hierdie twee reëls in omgekeerde orde.

[c]7 *Hulle wat ... inneem:* Die teks kan ook anders vertaal word.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

"Vanweë moord,
10 vanweë geweld teen jou broer Jakob,
sal skaamte jou oorval
en jy sal uitgeroei word vir altyd.

11 "Die dag toe jy eenkant gaan staan het,
die dag toe vreemdes die besittings van Jakob weggevoer het,
toe vreemdelinge sy poorte binnegedring
en geloot het oor Jerusalem,
was ook jy soos een van hulle!
12 Jy moes nie gestaan en toekyk het op die dag van jou broer,
op die dag toe 'n ramp hom getref het nie.
Jy moes nie bly gewees het oor die Judeërs
op die dag van hulle ondergang nie.
Jy moes nie 'n groot mond gehad het
in 'n tyd van angs nie.
13 Jy moes nie in die poort van my volk gekom het
op die dag van hulle teenspoed nie.
Jy moes nie ook sy onheil staan en dophou het
op die dag van sy teenspoed nie.
Jy moes nie jou hande uitgesteek het na sy besittings
op die dag van sy teenspoed nie.
14 Jy moes nie op die ontsnaproetes gaan staan het
om sy vlugtelinge uit te roei nie.
Jy moes nie sy mense wat wou ontvlug
uitgelewer het in 'n tyd van angs nie.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

15 Voorwaar, die dag van die HERE oor al die nasies is naby!
Soos wat jy gedoen het, sal aan jou gedoen word.
Jy sal jou verdiende loon kry."[d]

Die boodskap van die HERE aan sy volk

16 "Voorwaar, soos wat julle die beker moes drink
op my heilige berg,
sal al die nasies voortdurend moet drink.[e]
Hulle sal drink en onsamehangend praat
en hulle sal wees asof hulle nooit bestaan het nie.
17 Maar op die Sionsberg sal daar ontvlugting wees
want Sion sal heilig wees.

"Die huis van Jakob
sal diegene wat hulle verdryf het, uitdryf.
18 Die huis van Jakob sal vuur wees
en die huis van Josef 'n vlam,
maar die huis van Esau sal strooi wees.
Die vuur sal die strooi brand en dit verteer.
Daar sal van die huis van Esau
nie een ontvlug nie."
Voorwaar, die HERE het dit gesê.

Die terugkeer uit die ballingskap

19 Hulle sal die Negev saam met die bergland van Esau in besit

---

[d] **15** *Jy sal ... kry:* Die Hebreeuse idioom is "Jou daad sal terugkeer op jou kop."

[e] **16** *sal al ... drink:* Die teks kan ook vertaal word "sal al die nasies bitter wyn moet drink".

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

neem, die laagland saam met Filistia.[f] Hulle sal die gebied van Efraim en die gebied van Samaria in besit neem en Benjamin saam met Gilead. 20 Die eerste ballinge, die Israeliete,[*] sal Kanaänitiese gebied in besit neem tot by Sarfat en die ballinge van Jerusalem wat in Sefarad is, sal die stede van die Negev in besit neem. 21 Verlossers sal dan na die Sionsberg opgaan om oor die bergland van Esau te regeer; en die koningskap sal aan die HERE behoort.[*]

[f]19 *Negev ... Filistia:* Die Negev is in die suide van Juda en Filistia is die laagland in die weste.

[*]20 *Die eerste ... Israeliete:* 2 Kon 17:1-6

[*]21 Op 11:15

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika